

PHOSTEMIC XTRA


BEFORE USING THIS PRODUCT, READ THE LABEL CAREFULLY

GERBUKSAANWYSINGS INGESLUIT
Lotnummer
Datum van vervaardiging

VERWYS NA BESONDERHEDE
SOOS OP HOUER / SAK GEDRUK

PHOSTEMIC XTRA

FUNGICIDE



Reg. No. L10125, Act/Wet No. 36 of/van 1947 1:08/09/2016

A suspension concentrate fungicide for the control of diseases on crops as listed. **'n Suspensiekonsentraat swamdoder vir die beheer van siektes op gewasse soos aangedui.**


FRAC FUNGICIDE GROUP CODE	33;27;40	FRAC SWAMDODER GROEPKODE
----------------------------------	----------	---------------------------------


ACTIVE INGREDIENTS / AKTIEWE BESTANDEDELE		
Phosphorous acid	240 g/l	Fosforigsuur
Cymoxanil (ethyl urea)	40 g/l	Simoksanil (etielurea)
Dimethomorph (cinnamic acid derivative)	40 g/l	Dimetomorf (kinnamieksuuderivaat)





Registration Holder / Registrasiehouer
Meridian Agrochemical Company (Pty.) Ltd. / (Edms.) Bpk.
Reg. No. 2000/010819/07
P.O. Box / Posbus 436, Modderfontein, 1645, South Africa / Suid-Afrika

20ℓ






UN Number: 2902





HARMFUL / SKADELIK

.WARNINGS

Allow the following number of days between last application and harvest.

Potatoes.....14 days

IMPORTANT: The recommended withholding period between last application and harvest meets local residue requirements, but may not meet export requirements. This product contains phosphorous acid for which maximum residue limits (MRL) have been determined in South Africa based on “good agricultural practise” (GAP). In some countries, phosphorous acid is regarded as a fertiliser rather than a fungicide, and as such, MRL’s have not been established or approved in these countries. In some other countries, phosphorous acid is used neither as a fertiliser or a fungicide. Difficulties could therefore be encountered when exporting commodities that have been treated with phosphorous acid-containing fungicides. Growers that intend to export treated commodities are recommended to discuss this matter with their export agents.

- Handle with care.
- Harmful if swallowed.
- May cause irritation to eyes and the respiratory system.
- May cause severe irritation to skin. May cause skin sensitisation.
- Combustible: Keep away from sources of ignition and open flames.
- Store product in a cool, dry, well-ventilated area, away from food, feed and drinking water.
- Keep away from children, uninformed persons and animals.
- **PHOSTEMIC Xtra** has been tested on some of the most important commercial cultivars without any phytotoxic effects. More susceptible cultivars may be released in the future, which need to be tested; for this apply **PHOSTEMIC Xtra** to a limited test area before commercial applications are made.
- **Re-entry:** Do not enter treated area until spray deposit has dried unless wearing protective clothing.

Although this remedy has been extensively tested under a large variety of conditions, the registration holder does not warrant that it will be efficacious under all conditions because the action and effect thereof may be affected by factors such as abnormal climatic and storage conditions, quality of dilution water, compatibility with other substances not indicated on the label; and the occurrence of resistance of the disease against the remedy concerned; as well as by the method, time and accuracy of the application. The registration holder furthermore, does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, the environment, or harm to man or animal; or for lack of performance of the remedy concerned due to failure of the user to follow the label instructions; or to the occurrence of conditions which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier in the event of any uncertainty.

PRECAUTIONS

- Do not inhale fumes or spray mist.
- Avoid contact with eyes and skin. Wear impervious protective clothing (e.g. overalls, goggles, rubber gloves and boots) when mixing or applying.
- Do not eat, drink or smoke while preparing or applying the spray mix, or before washing face and hands.
- Wash hands, arms and face thoroughly with soap and water after use or in the case of accidental skin contact.
- Avoid spray drift onto other crops, grazing, rivers, dams and other areas not under treatment.
- Clean equipment before and after use. Dispose of wash water where it will not contaminate crops, pastures, rivers, dams or other water sources.
- Do NOT apply to areas where surface water is present.
- Prevent contamination of food, feed, drinking water and eating utensils.
- Container disposal: Invert the empty container over the spray tank and allow to drain for at least 30 seconds after the flow has slowed to a drip. Rinse the empty container three times with a volume of water equal to a minimum of 10 % of that of the container. Add rinsings to the contents of the spray tank before destroying the container in the prescribed manner.
- Destroy empty containers by perforating and flattening before disposal according to local regulations, preferably by an approved chemical waste disposal/incineration facility or landfill. Do NOT contaminate rivers by disposal.
- Open dumping or burning of this product and empty containers is prohibited.
- Empty containers retain product and vapour residues.

- Do NOT re-use the empty container.

FIRST AID

Eye contact: Immediately flush eyes with plenty of water. Remove contact lenses, if worn, and flush eyes with water for at least 15 minutes, holding eyelids open. **Seek medical assistance immediately.**

Skin contact: Gently wipe off excess chemical. Immediately flush skin with water for at least 15 minutes, remove contaminated clothing and shoes and thoroughly wash body with non-abrasive soap and water. **Seek medical attention immediately.** Wash contaminated clothing before re-use. Persons who become sensitized may require medical management.

Ingestion: If swallowed, do not induce vomiting. **Seek medical advice immediately** and show this document. Never give anything by mouth to an unconscious person. If victim is alert, rinse mouth thoroughly with water and give victim large volumes of water or milk to drink. Keep victim calm. Qualified personnel should administer oxygen.

Inhalation: Remove victim to well ventilated area and loosen clothing around the neck. Keep victim calm and warm. Qualified personnel should administer oxygen. **Seek medical attention immediately.**

Advice to Physician: Symptomatic treatment, no specific antidote known. If product has been ingested, avoid gastric lavage and emesis. Give victim large volumes of water or milk to drink.

MODE OF ACTION

PHOSTEMIC Xtra is a suspension concentrate formulation containing the active ingredients phosphorous acid, cymoxanil and dimethomorph. This triple active mixture has systemic, locally systemic and contact properties. Phosphorous acid acts on oomycete fungi by inhibiting oxidative phosphorylation and stimulates natural plant defences. Dimethomorph inhibits phospholipid biosynthesis, and thus cell wall synthesis in oomycete fungi, while cymoxanil inhibits sporulation. **PHOSTEMIC Xtra** has protective, curative and anti-sporulant properties.

RESISTANCE MANAGEMENT

For resistance management, **PHOSTEMIC Xtra** contains active ingredients which are part of fungicide group codes 27, 33 and 40. Any fungus population may contain individuals naturally resistant to **PHOSTEMIC Xtra** and other group code 27, 33 or 40 fungicides. The resistant individuals can eventually dominate the disease population if these fungicides are used repeatedly. These resistant fungi may not be controlled by **PHOSTEMIC Xtra** or any other group code 27, 33 and 40 fungicides.

To delay fungicide resistance:

- Avoid exclusive, repeated use of fungicides from the same fungicide group code. Alternate or tank mix with registered products from different fungicide group codes.
- Refer to individual product labels when alternating products or when using tank mixtures with registered products.
- Integrate other control methods (chemical, cultural, biological) into disease control programmes.

Since the occurrence of resistance cannot be forecast, users are advised to keep treated crops under close observation. If treatment is not effective following the use of **PHOSTEMIC Xtra** as recommended, a resistant strain may be present. If a resistant strain is positively identified, consideration should be given to prompt use of a fungicide with a different mode of action, for which there is no record of resistance to the relevant disease. Meridian Agrochemical Company (Pty.) Ltd. will not accept any liability for performance failures in the event of a build-up of disease resistance resulting from inadequate resistance management practices compared to those indicated on the label. For specific information on resistance management, contact the registration holder of this product or visit the FRAC website <http://www.frac.info/frac/index.html>.

USE RESTRICTIONS

- Avoid applying **PHOSTEMIC Xtra** when crops are under environmental stress as this may cause a phytotoxic response.
- Do not apply **PHOSTEMIC Xtra** to any crop or situation not mentioned in this label.
- Do not apply this product in combination or tank mixture with any other product or agricultural remedy which is not specifically listed on this label. Meridian Agrochemical Company (Pty.) Ltd.

accepts no responsibility for any negative effects experienced if the instructions on this label are not adhered to, unless a Meridian representative was consulted beforehand.

- If **PHOSTEMIC XTRA** is used in a tank mix with other recommended products, consideration should be given to the restrictions of those respective products.
- All applications must be made with suitable spray equipment that is in good working order and correctly calibrated to ensure the desired coverage for that particular method of application is achieved.

DIRECTIONS FOR USE

Use only as directed.

MIXING INSTRUCTIONS

Half fill the spray tank with clean water. Do not use brackish water. Whilst agitating, add the recommended amount of **PHOSTEMIC Xtra** and continue filling the tank to the required volume. Maintain agitation throughout application. When using **PHOSTEMIC Xtra** in tank mix combinations, full cognisance must be taken of all warnings, precautions and directions for use on that particular product's label. First, mix small quantities of the products separately with water. Check for any signs of incompatibility such as flocculation etc. **Tank mixtures must be sprayed out immediately and not allowed to stand in the spray tank overnight.** If spraying is interrupted, the spray mixture in the tank should be agitated properly before spraying commences.

COMPATIBILITY

The compatibility of **PHOSTEMIC Xtra** with other products depends on the formulations of the respective products, as well as the quality of the spray water to be used. As formulations change from time to time, it is recommended that a physical compatibility test be done prior to the tank mixture being made. Meridian Agrochemical Company (Pty.) Ltd. cannot be held responsible for damage to crops resulting from tank mixtures with products or formulations not tested.

RECOMMENDATIONS

CROP & DISEASE	DOSAGE RATE	REMARKS
POTATOES Late blight <i>Phytophthora infestans</i>	2.5 l/Ha PHOSTEMIC Xtra in 500 – 1 000 l water/ha	Spraying should commence in areas and seasons of high risk from 21 days after emergence or when conditions favour the development of the disease. Late blight warning systems are available in some areas and should be carefully monitored. Applications made at 14 or 21 days after emergence should be applied as directed sprays over the plant row. Repeat applications at 7 – 14 day intervals. Use the shorter interval under conditions of high disease pressure. It is required that plants are 95% (or higher) blight free at all times. Apply as conventional high volume spray, ensuring good coverage of leaves and stems of the haulms. Use a spray volume of 500 l/ha for the first spray increasing to 1000 l/ha at full canopy. Dense canopies may result from over fertilisation and may require even higher spray volumes. SEE 'NOTES' BELOW

NOTES

PHOSTEMIC Xtra will provide systemic control of late blight but has limited contact properties. The use of a contact product may be necessary for effective control of the disease. This product is recommended for the control of late blight and will not necessarily control early blight infection. Alternative fungicides should be considered for the control of early blight should conditions be favourable for the development of that disease.

WAARSKUWINGS

Laat die volgende aantal dae toe tussen laaste toediening en oes.

Aartappels..... 14 dae

BELANGRIK: Die aanbevole onthoudingsperiode tussen laaste toediening en oes voldoen aan die vereistes van plaaslike residuvlakke, maar mag dalk nie aan vereistes vir uitvoer voldoen nie. Die produk bevat fosforigsuur waarvoor maksimum residu-vlakke in Suid-Afrika bepaal is en gebaseer is op "goeie landbou-praktyke". In sommige lande word fosforigsuur as 'n bemestingstof eerder as 'n swamdoder beskou en gevolglik is die MRL'e nog nie bepaal of goedgekeur nie. In sommige ander lande word fosforigsuur geensins as 'n bemestingstof of 'n swamdoder gebruik nie. Probleme mag gevolglik ontstaan indien kommoditeite wat met fosforigsuurbevattende swamdoders behandel is, uitgevoer word. Dit word aanbeveel dat produsente wat behandelde produkte wil uitvoer, die situasie met hul uitvoeragente bespreek.

- Hanteer versigtig.
- Skadelik indien ingesluk.
- Mag oë en asemhalingsstelsel irriteer.
- Mag erge vel-irritasie veroorsaak. Mag jeukerigheid veroorsaak.
- Vlambaar: Hou weg van bronne wat vonke veroorsaak asook oop vure.
- Bêre die produk in 'n koel, droë en goed geventileerde plek, weg van voedsel, voer en drinkwater.
- Hou buite bereik van kinders, ongeligte persone en diere.
- **PHOSTEMIC Xtra** is sonder enige fitotoksisiteitskade op die meeste belangrike kommersiële kultivars getoets. Meer sensitiewe kultivars mag in die toekoms vrygestel word en dan moet **PHOSTEMIC Xtra** eers op klein skaal getoets word, alvorens groot kommersiële bespuitings gemaak word.
- **Herbetreding:** Moenie behandelde gebied betree alvorens spuitneerslag droog is nie, tensy beskermende oorklere gedra word.

Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie. Die werking en doeltreffendheid daarvan kan beïnvloed word deur faktore soos abnormale klimaats- en bergingstoestande; kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui word nie en die voorkoms van weerstand van die siektes teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige invloede op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom, of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMATREËLS

- Vermyn inaseming van dampe en spuitnewel.
- Vermyn kontak met oë en vel. Dra ondeurdringbare beskermende klere (bv. oorpakke, gesigskerms, rubberhandskoene en stewels) wanneer produk gehanteer of toegedien word.
- Moenie eet, drink of rook tydens vermenging of toediening of voordat hande en gesig gewas is nie.
- Was hande, arms en gesig deeglik met seep en water na gebruik asook in die geval van toevallige aanraking met vel.
- Verhoed wegdrywing van die sproeinewel na ander gewasse, weidings, riviere, damme of ander gebiede wat nie behandel word nie.
- Maak toerusting voor en na gebruik skoon. Gooi die waswater weg waar dit nie gewasse, weidings, riviere, damme en ander waterbronne sal besoedel nie.
- Moet NIE op gebiede waar oppervlakwater sigbaar is, aanwend nie.
- Verhoed besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.
- Leë houers moet **drie keer** uitgespoel word soos volg: Keer die leë houer om oor die spuittenk of mengbak en dreineer vir minstens 30 sekondes nadat die vloeï tot 'n gedrup verminder het. Spoel die houer daarna **drie keer** uit met 'n volume water gelykstaande aan 'n minimum van 10% van die houer. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuittenk voordat die houer op die voorgeskrewe wyse vernietig word.
- Vernietig leë houers deur gate daarin te maak en dit plat te maak en vernietig dit volgens die plaaslike riglyne, verkieslik deur 'n goedgekeurde chemiese afvalverwyderings- of verbrandingsfasiliteit of stortingsterrein. Moet NIE riviere met afvalhouers besoedel nie.
- Die weggooi of verbranding van die produk of leë houers word verbied.

- Leë houers bevat produkteblyfsels en vlugtige residue.
- Moet NIE leë houers hergebruik nie.

NOODHULPBEHANDELING

Oogkontak: Spoel oë dadelik met genoegsame water. Verwyder kontaklense (indien teenwoordig) en spoel oë vir ten minste 15 minute terwyl ooglede oopgehou word. **Verkry onmiddellik mediese bystand.**

Velkontak: Vee oortollige chemikalieë sagkens af. Vel moet onmiddellik vir ten minste 15 minute afgespoel word. Verwyder besmette klere en skoene en was liggaam deeglik met sagte seep en water. **Verkry onmiddellik mediese bystand.** Besmette klere moet voor hergebruik gewas word. Persone wat irritasie/jeukerigheid ervaar mag mediese behandeling verlang.

Inname: Indien ingesluk moet braking nie gestimuleer word nie. **Verkry onmiddellik mediese advies** en voorsien hierdie etiket. Moet nooit iets per mond aan 'n bewustelose persoon toedien nie. Indien pasiënt wakker is, spoel persoon se mond deeglik met water uit en gee groot volumes water of melk aan pasiënt om te drink. Hou pasiënt kalm. Slegs gekwalifiseerde personeel mag suurstof toedien.

Inaseming: Neem die persoon na 'n goed geventileerde gebied en maak die klere om nek los. Hou pasiënt kalm en warm. Gekwalifiseerde personeel moet suurstof toedien. **Verkry onmiddellik mediese bystand.**

Raad aan Geneesheer: Simptomatiese behandeling; geen spesifieke teenmiddel bekend nie. Indien produk ingesluk is, moet maagspoeling en braking vermy word. Laat pasiënt groot volumes water of melk drink.

METODE VAN WERKING

PHOSTEMIC Xtra is 'n suspensiekonsentraat-formulering wat die aktiewe bestanddele fosforigsuur, simoksanil en dimetomorf bevat. Die drievoudige aktiewe mengsel bevat sistemiese-, lokaal-sistemiese- en kontakteienskappe. Fosforigsuur werk in op die oömysiet-swamme deurdat dit oksidatiewe fosforilasie inhibeer en natuurlike plantweerstand stimuleer. Dimetomorf inhibeer fosfolipied biosintese en gevolglik selwandsintese in die oömysiet-swamme, terwyl simoksanil spoorvorming inhibeer. **PHOSTEMIC Xtra** besit beskermende, genesende en teen-spoorvormende eienskappe.

WEERSTANDBESTUUR

Vir weerstandsbestuur bevat **PHOSTEMIC Xtra** aktiewe bestanddele wat deel is van die swamdodergroepkodes 33; 27 en 40. Enige swampopulasie mag individue bevat wat natuurlike weerstand teen **PHOSTEMIC Xtra** of enige ander groepkode 33; 27 en/of 40 swamdoder het. Die weerstandbiedende individue kan uiteindelik die siektepopulasie oorheers as hierdie swamdoder herhaaldelik aangewend word. Hierdie weerstandbiedende swamme sal waarskynlik nie deur **PHOSTEMIC Xtra** of enige ander groepkode 33; 27 en/of 40 swamdoder beheer word nie.

Om weerstand teen swamdoders te vertraag:

- Vermy die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van swamdoders met dieselfde swamdodergroepkodes. Wissel af met, of gebruik tenkmengsels van geregistreerde produkte in verskillende swamdodergroepkodes.
- Sien toepaslike individuele produketikette wanneer daar tussen produkte of tenkmengsels met geregistreerde produkte afgewissel word.
- Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in swamdoderprogramme.

Aangesien die voorkoms van weerstandbiedendheid moeilik is om te bepaal, is dit uiters belangrik om die behandelde gewasse noukeurig te ondersoek. Indien die behandeling nie effektief is met die gebruik van **PHOSTEMIC Xtra** soos voorgeskryf nie, mag daar 'n weerstandbiedende-populasie (swamras) teenwoordig wees. Indien so 'n weerstandbiedende-populasie positief geïdentifiseer word, moet daar onmiddellik 'n swamdoderbespuiting wat 'n ander werkswyse het, waar daar geen bewys van weerstand teen die siekte voorkom, gedoen word. Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk. sal geen verantwoordelikheid aanvaar vir enige gebrek aan prestasie in die geval van die opbou van siekteweerstand as gevolg van onvoldoende weerstandsbestuurspraktyke soos aangedui op die etiket nie. Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur kan die registrasiehouer van hierdie produk gekontak word of die FRAC webwerf by <http://www.frac.info/frac/index.html> besoek word.

GEBRUIKSBEPERKINGS

- Vermy toediening van **PHOSTEMIC Xtra** op gewasse wat onder omgewing-stremmingstoestande verkeer, aangesien dit 'n fitotoksiese reaksie mag veroorsaak.
- Moet nie **PHOSTEMIC Xtra** op enige gewas of situasie aanwend wat nie in die voorskrieffetiket verskyn nie.
- Moet nie hierdie produk in kombinasie of tenkmengsel met enige ander produk of landboumiddel gebruik wat nie spesifiek op hierdie etiket gelys is nie. Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk. aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige negatiewe gevolge indien die instruksies op die etiket nie nagekom word nie, tensy 'n Meridian verteenwoordiger vooraf geraadpleeg is.
- Indien **PHOSTEMIC Xtra** in 'n tenkmengsel met ander aanbevole produkte gebruik word, moet oorweging aan die beperkings van hierdie betrokke produkte geskenk word.
- Alle toedienings moet met geskikte spuittoerusting gedoen word wat in 'n goeie werkende toestand is en korrek gekalibreer is om te verseker dat die verlangde bedekking vir die spesifieke toedieningsmetode verkry word.

GEBRUIKSAANWYSINGS

Gebruik slegs soos aangedui.

MENGINSTRUKSIES

Vul die spuittenk halfvol met skoon water. Moenie brakwater gebruik nie. Voeg die verlangde hoeveelheid **PHOSTEMIC Xtra** in die spuittenk terwyl dit geroer word en vul die tenk tot by die verlangde volume. Roering moet deurgaans tydens bespuiting plaasvind. Indien **PHOSTEMIC Xtra** in tenkmengsels met ander produkte gebruik word, moet aandag aan al die waarskuwings, voorsorgmaatreëls en gebruiksaanwysings op daardie spesifieke produketiket gegee word. Eerstens moet klein hoeveelhede van die produkte apart met water gemeng word. Let op vir enige tekens van onverenigbaarheid soos flokkulasie ens. **Tenkmengsels moet onmiddellik uitgespuit word en nie toegelaat word om in die spuittenk oornag te staan nie.** Indien bespuiting onderbreek word, moet deeglike roering plaasvind voordat daar met bespuiting voortgegaan word.

VERENIGBAARHEID

Die verenigbaarheid van **PHOSTEMIC Xtra** met ander produkte sal van die formulerings van die onderskeie produkte afhang, asook van die kwaliteit van die spuitwater wat gebruik word. Soos formulerings van tyd tot tyd verander, is dit raadsaam om eers 'n fisiese verenigbaarheidstoets te doen, voordat tenkmengsels gemaak word. Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk. kan nie verantwoordelik gehou word vir skade aan gewasse a.g.v. tenkmengsels met produkte of formulerings wat nie getoets is nie.

AANBEVELINGS

GEWAS & SIEKTE	DOSIS	OPMERKINGS
AARTAPPELS Laatroes (<i>Phytophthora infestans</i>)	2.5 l/Ha PHOSTEMIC Xtra in 500 – 1 000 l water/ha	Bespuiting moet gedoen word in areas en gedurende seisoene waar daar 'n hoë risiko is vanaf 21 dae na-opkoms of wanneer toestande gunstig is vir siekteontwikkeling. Laatroes waarskuwing-sisteme is in sommige gebiede beskikbaar en moet noukeurig gemonitor word. Bespuitings wat 14 of 21 dae na-opkoms gemaak word, moet as gerigte bespuitings oor die plantrye gedoen word. Herhaal toedienings met 7 – 14 dae intervalle. Gebruik die korter interval by toestande met hoë siektedruk. Dit word verwag dat plante ten alle tye 95% (of meer) laatroes-vry moet wees. Dien as 'n gewone hoë-volume bespuiting toe wat goeie bedekking van die blare en stamme van die bogroei verseker. Gebruik 'n spuitvolume van 500 l/ha by die eerste bespuiting wat tot 1000 l/ha met vol-blaardak (full canopy) verhoog word. 'n Digte blaredak a.g.v. oorbemesting mag selfs hoër spuitvolumes verg. SIEN "NOTAS" HIERONDER

NOTAS

PHOSTEMIC Xtra sal sistemiese beheer van laatroes gee, maar het beperkte kontak-eienskappe. Die gebruik van 'n kontakmiddel mag noodsaaklik wees vir die effektiewe beheer van die siekte. Die produk word vir die beheer van laatroes aanbeveel en sal nie noodwendig vroeëroes-infeksie beheer nie. Indien toestande gunstig is vir vroeëroes-ontwikkeling, moet alternatiewe swamdoders vir die beheer hiervan, oorweeg word.